die here se hande

die son skyn deur die wolke
die strale skiet na bo
die heer se seënend hande
strek hy oor heel die aarde

die hele skepping hou hy
veilig in sy twee hande
verseker draai die aarde
presies soos hy dit wil

die here vou jou toe
beskerm van alle kant
sy hande bo en onder
voor, agter en rondom

in die lug, op land en see
sy hande dra jou daar
hy rig en lei, bewaar
tot deur die pêrelpoort

jan lubbe